* *

DR. ARMAND FIOLET O.F.M., *Een Kerk in Onrust om Haar Belijdenis*, Nijkerk, 1953, 213 bladsye, Prys onbekend.

Hierdie werk, wat die ondertitel „Een phaenomenologische studie over het ontstaan van de Richtingenstrijd in de Nederlandse Hervormde Kerk" dra, het op 1 Mei 1953 as proefskrif voor die Theologiese Fakulteit van die r.k. Universiteit te Nijmegen gedien. Die studie van dr. Fiolet het in Nederland besondere opgang gemaak sodat drie weke na die verskyning van die boek, 'n tweede druk die lig gesien het. Vele het die boek gelees, geprikkel deur die inleidende woorde van die skrywer: „Deze studie is gegroeid uit oecumenisch meeleven met de grote daden, welke God gedurende het laatste decennium in de Ned. Herv. Kerk heeft gewerkt" (blz. 1). Dit is werklik wonderlik dat 'n r.k. theoloog só daarin kon slaag om in die taal en denke van 'n protestantse Kerk deur te dring en juis hierin wyk die hele werk sterk af van die gebruiklike manier waarop in r.k. kringe oor 'n protestantse Kerk geskryf of gedink word. Vanuit 'n protestantse „midde-orthodokse" (om nou maar die term van Berkhof te gebruik) standpunt gee die skrywer 'n uiteensetting en beoordeling van die ontstaan en geskiedenis van die rigtinge in die Nederlandse Hervormde Kerk en die onderlinge stryd wat deur hierdie rigtinge met mekaar gevoer is. Linkse sowel as regse groeperinge dit wil sê vrysinniges en Geref. Bonders kry min simpatie van die skrywer en daarby netsoos by die slotsom van die skrywer oor die rigtingstryd: „De Kerk werd beheerst door belijdeniskramp en belijdenisphobie" (blz. 194) sou ek wel 'n vraagteken wil stel.

Die boek word in 'n negetal hoofstukke verdeel en behandel agtereenvolgens die agtergrond van die rigtingstryd, teruggaande op die Na-

sionale Sinode van 1618—1619, en die theologiese-dogmatiese ontwikkeling tot 1816. Daarna die hoofstuk betitel *Het Dilemma* waar die Kerk-orde van Koning Willem I behandel word en waar op die tekortkominge van hierdie Kerk-orde asook die tekortkominge van die Sinode in hierdie tyd gewys word. Vervolgens kom die verskillende teologiese strominge in Nederland aan die beurt, die Groninger-skool, die rigting van Opzoomer-Scholten, gevolg deur die hoofstuk oor die Reveille. Een van die beste hoofstukke het ek dié gevind oor die persoon en werk van dr. Ph. J. Hoedemaker. Daarna volg die hoofstukke *Van Geloofsbeleving tot Geloofsbelijdenis* en *Terug naar die Belijdeniskerk van* 1619 terwyl die werk afgesluit word met 'n uiteensetting van die fenomenologiese gestalte van die verskillende rigtings.

Verskillende besware kom tog na vore by die lees van hierdie vlotgeskrewe werk. Is dit juis om op bls. 3 van 'n dogma-historiese studie te praat terwyl die ondertitel 'n fenomenologiese studie aankondig? Verder lyk dit my onwaarskynlik dat die Nederlandse Hervormde Kerk besig is om 'n grondige *hersiening* van die belydenisskrifte te onderneem (blz. 3). Die grootste beswaar is wel dat die skrywer in 'n poging om die oorvloed aan stof te orden, geneig is om te skematiseer en te helder lyne probeer trek. Dit doen hy deur byvoorbeeld alleen vier rigtings in die Kerk te onderskei en hierdie onderskeiding ook voortdurend te handhaaf. Dit werk wel die helderheid in die hand, maar is histories tog nie houdbaar nie want hierdeur word die hele verhouding Gunning-Hoedemaker tekortgedoen indien dit nie skeefgetrek word nie. Tenslotte is dit jammer dat die werk eindig in die jaar 1905 sodat daar geen duidelike beeld gelaat word oor hoe dit dan tog maar weer tot reorganisasie in die Kerk gekom het nie. Maar miskien mag hierdie beswaar nie te swaar weeg nie aangesien dit as proefskrif dien en dan is die omvang van die werk soos in die begin aangedui, ook voltooi.

In sy geheel geneem, is hierdie 'n besondere lesenswaardige werk vir die kritiese leser. Ook in ons land verdien dit aanbeveling juis omdat dit hier nog te dikwels ontbreek aan voldoende insig in die jongere geskiedenis van die Nederlandse Hervormde Kerk.

A. D. PONT.

*　　　　*